

Sing vooraf staande: Psalm 7:6 (p. 27)

- 6 Soos 'n held met skild gewapen / aanstap sonder kommernis,
so voel ek by God my veilig / wat my skild en helper is.
Want Hy is die hoogste regter / wat die lyder reg verskaf;
elke dag ontvlam sy wraakvuur / wat die onregwerkers straf.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 2, 3 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!
- 3 U is my ewige rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bid ons vir vergewing van ons sondes met Psalm 25:9 (p. 117).

Wet

Psalm 25:9 (p. 117)

- 9 Slaan op my ellende u oë, / hoor my, HEER, uit medely;
neem my sondes uit meedoë / almal weg, vergeef dit my!
HEER, aanskou die leërmag / wat om my vermenigvuldig,
want hul lê op my en wag – / vol van haat en ongeduldig.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbeding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 22:1 (p. 99)

- 1 My God, my God, waarom verlaat U my, / Terwyl 'k alleen my sware stryd moet stry,
alleen moet kerm wanneer 'k my lyde ly? / Op al my vrae
kan ek van U, deur al my lydensdae, / geen antwoord kry; deur donker lydensnagte
bly ek nie stil; maar daar's geen heil te wagte, / geen woord vir my.

Skriflesing: Matteus 24

Teks: Matteus 24:12, 13

En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
(Matteus 24:12, 13 AFR1953)

Ons gaan nog almal baie ly ter wille van die Naam van Jesus Christus. Daar gaan ook nog 'n groot siftingsproses in die kerk plaasvind.

- Al die smarte wat in die laaste tye oor die kerk gaan kom, gaan maak dat dié wat nie kans sien om te glo en spanning te dra nie, hulle ter wille van hulle gerief by die haters van die kerk gaan skaar.
- En dit alles gaan kom deur liefdeloosheid!

Hoe het dit gebeur dat die Here hieroor gepreek het?

- Hy het nou net vir die dissipels gesê dat daar 'n dag sal kom dat Jerusalem tot op die grond toe gelyk gemaak sal word.
- Hierdie verwoesting wat sommer so uit die bloute aangekondig word, het die dissipels diep geskud.

Hulle het hulle self as't ware in hierdie verwoesting gesien.

- Hulle het meteens besef dat daar voor die wederkoms baie smarte en hartseer gaan wees.
- Hulle het net die fout gemaak om te dink dat dit die heel laaste dag gaan wees as Jerusalem verwoes gaan word.

Dan begin Jesus met hierdie preek van smarte.

- Dit sal nie so maklik gaan dat die tempel en die stad net gelykgemaak gaan word nie.
- Daar gaan baie wroeging wees, selfs daarna.
- Dit gaan 'n onuitstaanbare tyd word net voordat Jesus kom.

Die dissipels het dadelik bekommerd geword.

- So bekommerd dat hulle dadelik wou weet wanneer hierdie dinge gaan gebeur.
- Die ding is net, as hulle al bekommerd was, hoeveel te meer moet ons nie bekommerd wees nie!

Die Here Jesus het hulle verseker dat hulle hulle nie oor die tyd moet bekommer nie, maar dat hulle oor hulleself bekommerd moet wees!

- Daardie tye gaan tye van liefdeloosheid wees.
- Dink net hoe swaar gaan ons kry, want almal van ons is afhanklik van liefde.

Vers 4 en 5 is dringend: Pas op! Ons gaan mislei word.

- Die eerste kenmerk gaan wees dat daar baie verskillende gelowe sal wees.
- En elkeen gaan hom beroep op die Bybel en op die Here Jesus Christus.
- Hier gaan die haat en liefdeloosheid begin – ons weet almal hoe fel die haat kan word as dit gaan oor geloof. Ons kerk is gebore uit so 'n stryd.
- Daar is in ander wêrelddele lande waar baie mense ter wille van hierdie kosbare geloof alreeds gemartel word.

Die haat gaan verder.

- Volkere staan teen mekaar op.
- Burgeroorlog en terreur word elke dag se nuus.
- Dis mos wat dit beteken as die Here sê:

En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. (Matteus 24:6 AFR1953)

Die dinge gebeur nie te ver van ons af nie. Die Here bring dit ook baie naby aan ons, want net daarna staan daar uitdruklik:

Pas op, moenie verskrik word nie, ... (Matteus 24:6 AFR1953)

Hoekom moet ons waak en sterk wees?

- Omdat hierdie smarte nog nie die einde is nie. Al hierdie verskriklike dinge moet gebeur, maar dit is nog nie die einde nie. Dis alles dinge wat gebeur wanneer die einde begin om sy verloop (afloop) te kry. Dis hoe dit in vers 6 staan.

Saam met die liefdeloosheid van die mense kom ook nog die liefdeloosheid van die satan.

- Die twee groepe se gesamentlike liefdeloosheid sal hongersnood en pessiëktes tot gevolg hê.
- Dood gaan iets wees wat aan die orde van die dag sal wees. Dis net die begin, staan daar in vers 8.

Dan kom dit al hoe nader. Dit beweeg dan in die Here se kerk in – en in alle volke in.

- Ons sal mettertyd oorgegee word aan verdrukking.
- Die gelowiges sal doodgemaak word.
- Al die nasies sal ons wat die Here Jesus as God en Verlosser bely, haat ter wille van ons geloof.

Maar dink nou weer oor die eerste gedeelte van vers 9 en vers 10. Wie is dit wat ons gaan verdruk en oorgee? Hier kom die liefdeloosheid na vore!

- Daar staan: **mekaar verraai en mekaar haat**.
- Dis nou nie vreemde mense wat hierdie haatlike dinge gaan doen nie.

Markus 13 behandel dieselfde gedeelte. Daar word hierdie liefdelose mense beskryf (vers 12):

En die een broer sal die ander tot die dood oorlewer, en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak. (Markus 13:12 AFR1953)

Dis 'n toestand!

- Ek of jy is dalk een van die ouers wat jou kind ter wille van sy geloof gaan laat doodmaak.
- Of julle wat nou kinders is, kan uit ongeloof julle ouers vermoor.

So erg gaan dit word.

- Dit gaan nie meer net 'n kwessie wees van oorlog en dood op die slagveld nie.
- Mense gaan mekaar in die huisgesin te lyf gaan en verraai en vermoor ter wille van geloof.
- Dink maar net hoe fel word kerkkwessies as jou kinders na allerhande vreemde gelowe toe verdwaal!
- Dis waar die liefdeloosheid heengaan.

Almal wat iewers aan die kerk en geloof gekoppel word, sal gehaat word deur almal.

- Ons kan dit met 'n paar woorde opsom: lyding, smarte, trane!
- Dis wat in die laaste dae vir ons wag.

Ons ken nie die tyd wanneer hierdie dinge op sy felste sal wees nie. Daarom moet ons wat in die kerk is, twee dinge doen:

- Eerstens moet ons sorg dat ons liefde teenoor mekaar nie verkoel nie.
- Tweedens moet ons hierdie lyding verduur ter wille van die Here Jesus Christus.

Hoe gaan ons voorkom dat ons liefde verkoel?

- Dis 'n swaar verantwoordelikheid op ons, maar dit werk prakties so dat ons God moet liefhê met ons hele hart, ons hele verstand en met al ons kragte.
- Daarby moet ons ons naaste liefhê soos onself.

Dis eintlik logies, want jou liefde vir God sal maak dat jy nie in sulke tye jou geloof sal verloor nie.

- Jy sal altyd jou liefde vir God en sy kerk behou.
- Dan sal ons nie medelidmate loop en afkraak by ander nie.
- Ons sal alle mense sien in hulle verhouding tot God.

Ons moet liever na onself kyk. Wat gaan ek vir God sê as Hy sou vra waarom ek in die hemel wil wees?

- My enigste antwoord kan wees: Here, ek het U lief, daarom staan ek voor U in die genade van die Here Jesus Christus!
- Dan sal ons ook die warmte van God se liefde ervaar as Hy sy heiligheid rondom ons vou!

Daarmee saam gaan naasteliefde.

- As iemand sondig, gaan praat met hom in liefde.
- Bid vir hom, al wil hy hom nie bekeer nie!
- Moenie dat jou liefde verkoel teenoor hom nie, al verkoel syne teenoor jou!
- Moenie aan hom die lyding besorg wat hy aan jou besorg nie, want dan staan jy in hierdie laaste oomblikke van die eindtyd aan die verkeerde kant van die draad!

Verder: Dra jou lyding ter wille van die Here Jesus Christus.

- Hierdie dinge gaan kom.
- Ons ervaar dit al in 'n sekere mate, maar hierdie is maar 'n baie flou begin van wat nog gaan kom.

Ons moet dankbaar wees dat ons ter wille van Jesus Christus mag ly, want daar is baie ander wat nie ly nie, juis omdat hulle Jesus Christus haat. Hulle is ook nie erfename van die ewige lewe nie.

Daar moet 'n bepaalde styl in ons lewens wees. Ons moet ly soos wat die Here Jesus Christus sy lyding hanteer het.

- Hy het nie die dag toe Hy gebore is, teruggegaan hemel toe omdat daar diere voor Hom gestaan het in plaas van die mense vir wie Hy gekom het nie!
- Hy het ook nie engele beveel om die Fariseërs te verdelg omdat hulle Hom agteraf so beskinder en bespot het nie.
- Hy het hulle nie met sy goddelike krag uitgewis as hulle Hom met strikvrae en valse stellings en leuens tot 'n val probeer bring het nie.

Hy het sy Goddelike waardigheid behou, want Hy wou ly tot eer van God, en tot verlossing van die uitverkorenes.

- Ons kan nie ly tot verlossing van mense nie, want ons kan nie eens ly tot ons eie verlossing nie.
- Maar ons kan die eer van Christus in ons lyding sien.
- Ons kan elke keer sien hoe die satan ons naaste gebruik om ons in ons geloof skade aan te doen – of as ons eerlik raak, sien hoe die duiwel ons gebruik het om ons naaste skade aan te doen!
- Die feit is eenvoudig: Die satan gebruik ons waar hy kan, om die eer van God te skend.

Nou is die Here Jesus Christus nie meer hier nie.

- Maar Hy het sy Gees na ons toe teruggestuur.
- Die Heilige Gees leer en lei ons in alle waarheid.
- Hierdie waarheid is ook om die dinge wat Christus ons geleer het, te onderhou.

- Dus ook die liefde.

Die teksvers sê dat daar 'n verval kom in die liefde van die mense. Hulle liefde verkoel.

- Ons verloor ons liefde vir ons medemens as ons nie daarop bedag is om die Here se liefde te bly beoefen nie.
- Kyk maar gerus na ons in ons gemeente. Die meeste van ons staan heeltemal neutraal teenoor mekaar. Die meeste ken mekaar nie eers behoorlik nie.
- Daarom moet ons verwag dat ons later lustig in die lyde van die laaste tye gaan meedoen – want hoe kan jy vir iemand omgee, of na hom uitreik, as jy nie eers weet wie hy is nie.

Die eerste tekens van 'n verkoelde liefde is ongeregtigheid wat toeneem –

- kwaad en haat teenoor mekaar, en daarom ook bedrog teenoor mekaar veral buite die kerk van die Here, maar die kerk self spring hierdie sonde ook nie vry nie.

Kom ons skerp ons liefde op.

- Ons liefde vir God en sy kerk heel eerste.
- Dan ons liefde vir mekaar – sonder voorbehoud!

Want hierdie liefde is gekoppel aan die sekere wete dat ek my smarte dra ter ere van Christus.

- Hierdie liefde is ook gekoppel aan geloofsekerheid.
- Geloofsekerheid is dat ek weet dat ek altyd by die Here is – in hierdie lewe en hierna.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:10 (p. 369)

10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
 U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
 en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 10 April 2011